# GEMEENTEBULLETIN

## SONDAG 24 APRIL 2022

**Die Here het waarlik opgestaan! | Filippense 2:1-11**

**Oggenddiens om 09:00 in die kerk en aanlyn**

Ds. Marius Breytenbach (1)

**Familiediens om 09:00 in die kleinsaal en aanlyn**

Ds. René Potgieter (8)

**Meditatiewe diens om 09:00 in die kapel en aanlyn**

Ds. Philipp Dietmann

**Relevantdiens om 18:00 in die kerk en aanlyn**

Ds. Johan Visser

## TAFELGESPREKKE VIR FAMILIES

**Tema: Die Here het waarlik opgestaan! | Filippense 2:5-11**

Kom een aand as gesin bymekaar en doen die volgende:

- Steek 'n **kers** aan en sê dankie dat die Here by julle is en vir julle as sy kinders sorg.
- Elkeen **deel**: Wat was jou hoogte- en laagtepunte van die dag?
- **Ouers lees** die teksgedeelte.
- **Deel** met mekaar hoe julle as gesin hierdie Paastyd beleef het.
- **Wat** het vir julle elkeen uitgestaan en wat beteken die opstanding vir jou?
- **Wat** wil die teksgedeelte vir ons uitlig en kom leer?
- **Dink** oor wat dit beteken om aan mekaar te behoort.
- **Hoe** kan ons – deur die minste te wees onsself – vir mekaar gee.
- **Gebed:** Here, help ons as huisgesin om mekaar se voete te was.

### KONTAK ONS

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### DEUROFFERS

Stellenbergmedewerkers. Ons ondersteun verskeie sendelinge wat in verskillende dele van die land en buiteland vir die Here se koninkryk werk. Die medewerkers is afhanklik van gemeentes se finansiële ondersteuning.

## BELYDENISAFLEGGING | 22 MEI

Neem asseblief kennis dat daar op Sondag 22 Mei 'n belydenis-afleggingsgeleentheid tydens die Relevantdiens om 18:00 sal wees. Graad 12's wat graag belydenis van geloof wil aflê, moet asseblief die gemeente se webwerf onder die afdeling Relevantbediening besoek vir meer inligting rakende die aansoekproses en die aansoekvorm.

## KOMBERSE VIR LANGA

Die onlangse brande in Langa het 260 gesinne dakloos gelaat. Ons wil graag die mense wat al hulle besittings verloor het en geen heenkome het nie ondersteun deur komberse aan hulle te skenk.. Nuwe of goeie gebruikte komberse kan tot 29 April by die kerkkantoor afgegee word.

## GROEP VIR LAAT TWINTIGS TOT DERTIGS

Indien jy in jou laat twintiger- tot dertigerjare is, sluit gerus aan by ons gesellige groep wat elke tweede Woensdag om 18:30 in die markplein byeenkom. Die kontakpersoon is Jean by 074 616 6587.

## VATVYF-BYEENKOMS

Op 18 Mei om 10:00 word 'n saalbyeenkoms in die kleinsaal aangebied. Toegang is gratis, maar bespreek asb. jou plek by Anneke, 021 976 4519. Andrew Kok, werksaam by die NG Kerk se argief, kom ons meer oor familienavorsing en geslagregisters vertel. Tee, koffie en ligte verversings word na die praatjie bedien.

## WOL VIR SERPE EN MUSSE

Die breigroep is volstoom besig om serpe en musse vir die komende winteruitreike te brei. Ondersteun hulle asseblief met wolskenkings. Lede kan nie noodwendig bekostig om al die wol uit eie sak aan te koop nie. Skenkings van wol kan by die kerkkantoor afgegee word. Kontantbydraes kan na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, verwysing BREIGROEP oorbetaal word.

### ANNIBRAND JUNIOR

Na die oggenddienste tot 10:45.

Graad 1-3: kleinsaal

Graad 4-6: grootsaal

Graad 7: jeuglokaal

### ANNIBRAND SENIOR

Seniors woon die Relevantdiens om 18:00 in die kerk by en verdeel daarna in kleingroepe.

### STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel

083 519 0602.

## UITREIKE | JUNIE - JULIE

Ons beoog om vanaf 25 tot 30 Junie na Calitzdorp en Beaufort-Wes uit te reik en vanaf 1 tot 6 Julie na Leeu-Gamka. Die koste vir die uitreike beloop onderskeidelik R1 100 en R1 000 per persoon.

Ons wil graag weer vir die mense van dié gemeenskappe tot seën gaan wees. Bid asseblief oor jou betrokkenheid. Inskrywingsvorms is op www.stellenberg.co.za. Rig asb. navrae aan sunet@stellenberg.co.za of ds. Why Duvenhage by why@stellenberg.co.za.

## BULLETIN EN DAGSTUKKE OP JOU SELFOON

**Bulletin:** Lees die bulletin op jou selfoon en kyk na die aanlyn oggenddiens op jou foon deur 'n WhatsApp met jou naam + van + bulletin na 081 045 2428 te stuur, of skandeer die QR-kode hier regs met jou WhatsApp-kamera en sluit aan.

**Daaglikse stemboodskap:** Luister na die daaglikse stemboodskappe op jou selfoon deur 'n WhatsApp met jou naam + van + bulletin na 081 045 2428 te stuur, of skandeer die QR-kode hier regs met jou WhatsApp-kamera en sluit by die groep aan.

## FINANSIËLE BYDRAES

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

### SnapScan

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Don. 28 April 15:00

Jeremia 29: 'n Brief van hoop?

### HUISDIENS

Son. 24 April om 18:00
Joh. 11:17-35

"Ek is die opstanding en die lewe."

### VROUEBYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroep vir vroue hervat op Maandag 25 April om 10:00 in die ou kafeteria-area. 'n Biduurbyeenkoms om 09:15 in die gebedskamer langs die kapel word voor die Bybelstudie aangebied.

### BREIGROEP

Die groep ontmoet weer op Maandag 9 Mei om 09:30 in die markplein.

Bring jou breiwerk saam.

## FEESMARK 2022

Voorbereidings is agtermekaar om weer 'n volwaardige feesmark, soos in 2019, aan te bied. Feesmarkdatums is 17 Oktober tot 5 November. Aansoeke is nou oop en sluit op 29 April. Aansoeke kan slegs aanlyn gedoen word. Besoek www.stellenberg.co.za.

## KOFFIE EN KRUMMELS

Die koffiewinkel op die kerk se terrein kan op weeksdae vanaf 07:00 tot 17:00, Saterdae vanaf 08:00 tot 13:00 en Sondae vanaf 08:00 tot 17:00 besoek word. Tydens die komende langnaweek vanaf 30 April tot 2 Mei sal hulle daagliks vanaf 08:00 tot 13:00 oop wees. Ontbyt, ligte middagetes, 'n verskeidenheid geroosterde broodjies, gebak asook Sondagmiddagetes, saam met koffie, cappuccino en ander interessante drinkgoed word bedien.

## AANSTELLING VAN 'N NUWE LERAAR

Negentien aansoeke is vir die voltydse leraarspos met die fokus op jeug, ontvang. 'n Kortlys is deur die preadvieskomitee saamgestel en onderhoude word in die komende week met die kandidate op die kortlys gevoer. Die beroepingsvergadering word vir Dinsdag 3 Mei beplan.

## 'N #WERKBESOEK

Kontak gerus enige van die gemeenteleraars om u by u werksplek of besigheid te besoek. 'n Kort Bybelstudie saam met personeel kan ook aangebied word. Leraars se kontakbesonderhede is op www.stellenberg.co.za beskikbaar.

## EREDIENSWERKERS

Daar bestaan steeds 'n groot tekort aan eredienswerkers. Oorweeg asseblief om op die wyse by gemeenteaktiwiteite betrokke te raak. Eredienswerkers verwelkom kerkgangers by eredienste, deel bulletins uit, samel kollekte in en bedien die tekens van die nagmaal. Diensbeurte roteer en jy kan kies by watter erediens jy as eredienswerker betrokke wil raak.

### KONTAK ONS

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### ASEMSKEP-GEBEDSGROEP

Elke Dinsdagaand om 18:30 in die kapel. Enige iemand is welkom, sluit gerus by ons aan.

### MATROLBALSPELERS

Matrolbalspelers, veral manlike spelers, word vir die gemeente se matrolbalspan benodig. Sluit gerus by die gesellige span spelers aan. Kontak Corrie by 083 288 5048.